

## Logos Gemeente van Christus

### Heilig, heilig, heilig is die Here God

#### Op 4:1-11

31 Mei 2020

In Openbaring 1, het Johannes 'n visioen gesien van die Verheerlikte Seun van die Mens. Hy hou die engele van die sewe gemeentes in Sy regterhand, terwyl Hy tussen hulle rondbeweeg, en met oë wat soos vuur vlam en met 'n tweesnydende swaard wat uit Sy mond kom, hulle weeg. In Openbaring 2 en 3 rig die Seun van die Mens briewe aan elkeen van die sewe gemeentes. Hierdie briewe het belangrike boodskappe vir die gemeentes: Hulle moet weet Hy is betrokke in elke gemeente. Hy weeg hulle denke, dade en harte, asook of hulle volhard en groei, en of hulle besig is om agteruit te beweeg. Hy waarsku hulle dat lidmaatskap aan 'n gemeente nie voldoende is nie. Nee, elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. En verder bemoedig Hy hulle met beloftes aangaande die oorwinningsprys wat wag vir elkeen wat die oorwinning behaal.

Onthou nou wat die doel van die boek Openbaring is. In Op 1:1 word dit duidelik gestel dat daar 'n openbaring is wat God wil deurgee aan Sy dienaars aangaande die dinge wat binnekort gaan gebeur. In die gedeelte van die boek wat ons tot nou toe oordink het, fokus hierdie Openbaring van God op die gemeentes – wat daar gebeur, wat Hy graag wil sien daar behoort te gebeur, en dat hulle ook na dieselfde dinge behoort te strew. Maar dit is so, dat daar baie meer in die wêreld gebeur as wat binne gemeentes gebeur. As die Openbaring van God breedvoerig inligting wil deur gee oor wat Sy dienaars kan verwag, sal daar aan meer aspekte aandag gegee moet word as net dit wat in die gemeentes gebeur. Dit is waarheen die fokus verskuif vanaf hoofstuk 4.

Ons kan die boek Openbaring in twee hoofgroepe verdeel: hoofstukke 1-11 en 12-22. Elkeen van hierdie twee hoofgroepe kan ook weer onderverdeel word in verskeie onderdele. Hoofstukke 1-11 kan in drie onderdele verdeel word, en hoofstukke 12-22 in nog vier – dus sewe in totaal. Openbaring 1-3 is die eerste onderdeel, en as ons nou na hoofstuk 4 aanbeweeg, beweeg ons na die tweede onderdeel van die eerste hoofgroep.

Soos wat die geval was in hoofstuk 1, begin hierdie onderdeel ook met 'n visioen. Die visioen word in hoofstukke 4 en 5 beskryf. Ons kyk vandag egter net na hoofstuk 4. Die visioen is 'n troonvisioen wat in die hemel afspeel. Ons gaan na die eerste gedeelte van die visioen kyk onder die volgende hoofpunte:

- Die visioen self
- Die lofprysing van die 4 lewende wesens en die 24 ouderlinge
- Implikasies vir ons

#### Die hemelse troonvisioen (vs 1-8)

Vers 1 begin met die woord “hierna”. Ons sal meermale in die boek hierdie beskrywing sien. Al wat dit beteken is dat na die detail wat Johannes in die vorige visioen gesien het en wat beskryf is in hoofstukke 1-3, het hy nou die visioen gesien wat hierna gaan volg. Dit beteken nie dat die inhoud van die visioen wat hier volg noodwendig chronologies na die inhoud van die vorige visioen volg nie. Dit verwys slegs na die volgorde waarin hy die visioene gesien het.

Ook in vers 1, sê Johannes dat daar weer 'n stem soos 'n trompet was wat met hom gepraat het. En hierdie stem is dieselfde stem as die een wat met hom gepraat het in hoofstuk 1. En ons sou kon byvoeg dat hierdie stem is beide kere heelwaarskynlik die stem van Jesus self. In die visioen sien hy

dat daar 'n oop deur in die hemel is, en die opdrag aan hom is op te kom soontoe. Dit is hoekom ons dit 'n hemelse visioen noem. En weer 'n keer word aan Johannes bevestig wat die doel is van wat hy kan verwag om nou te sien: Jesus sê Hy wil aan hom wys wat hierna moet gebeur. Wat ons hieronder moet verstaan is: wat is die dinge wat van nou af moet gebeur, dus vanaf Johannes se tyd verder die toekoms in. Ons praat dus weereens nie net van die dinge wat net voor die einde van die tyd sal gebeur nie, maar wel van die dinge wat sedert Johannes se tyd tot en met die einde sal gebeur.

Volgens vers 2 word Johannes deur die Heilige Gees weggevoer na die hemel, waar Hy 'n troon sien staan, met iemand op die troon. Die "iemand" is natuurlik God self. Baie min detail word oor God gegee – Sy voorkoms word bloot beskryf in terme van 'n paar edelstene wat Sy heerlijkheid moet reflekteer. Dit herinner sterk aan die visioen wat Jesaja in Jes 6 sien, Hy sien ook God op Sy troon, maar al wat hy beskryf is dat die soom van God se kleed die tempel vul. Esegïël is net so skraps met detail oor God in sy visioen in Eseg 1. Hy sê op die troon was daar iemand met die gestalte van 'n mens, en gee dan 'n vae beskrywing van die gestalte. Rondom die troon sien Johannes 'n reënboog. Sodra ons van 'n reënboog lees, dink ons onwillekeurig aan die verbond met Noag. Wat was die essensie van die Noagverbond? Al het God die wêreld sopas gestraf deur die sondvloed, het God onderneem om dit nie weer te doen nie. Hy sal die seisoene en lewe instand hou tot met die einde, i.e. tot met die finale oordeel.

Volgens vers 4 is daar rondom die troon 24 ander trone, waarop 24 ouderlinge sit. Elke een van hulle het wit klere aan en 'n goue kroon op hulle koppe. Ek stem saam met baie Skrifverklaarders wat hulle sien as verteenwoordigend van die 12 stamme van Israel in die OT en die twaalf apostels in die NT – aldus verteenwoordig hulle God se koninkryk in beide die OT en NT. Die hoofmotivering vir hierdie interpretasie kom uit Op 21:12-14, waar die 12 poorte van die Nuwe Jerusalem die twaalf stamme van Israel is, en die 12 fondamente die 12 apostels is. Die feit dat hulle wit klere dra verwys natuurlik na klere wat nie besoedel is nie (Op 3:4) en sluit aan by die helder fyn blink klere wat die gelowiges dra na die bruilofsmaal van die Lam (Op 19:8). Die trone en die goue krone verwys natuurlik na die feit dat hulle die oorwinning behaal het, en saam met Jesus regeer.

Volgens vers 5 was daar weerligstrale, dreunings en donderslae vanaf die troon. Dit herinner natuurlik aan Eks 19, toe die volk by die berg Sinai was, en God na die berg neergedaal het juis om Sy wet aan hulle te gee – d.w.s. die verbond met Sinai. Dit is nou al die tweede verbond waarna verwys word in hierdie visioen. As jy verder in Openbaring lees, sien jy dat daar meer kere gepraat word van die weerlig, dreunings en donderslae – en wel met die oopmaak van die sewende seël (Op 8:5), die blaas van die sewende trompet (Op 11:19), en die uitgiet van die sewende bak (Op 16:18).

Voor die troon is daar sewe fakkels, wat na die sewe Geeste van God verwys, wat natuurlik weereens na die Heilige Gees in Sy volheid verwys – soos in Op 1:4. Verder is daar ook voor die troon 'n spieëlgladde see. Ek dink die mees logiese verklaring hiervoor is dat ons dit moet lees in die lig van Op 15:2 waar die oorwinnaars met sifers onder andere die lied van Moses sing – wat dan sekerlik terug verwys na die oorwinning by die Rooi See. Die feit dat die see spieëlglad is, moet dus beteken dat God se vyande oorwin is.

En dan is daar ook nog rondom die troon 4 lewende wesens. Hulle is vol oë en het elke een ses vlerke wat ook vol oë is. Die eerste een lyk soos 'n leeu, die tweede een soos 'n bul/kalf, die derde soos 'n mens en die vierde soos 'n arend. Ek vind baie aanklank by Hendriksen wat hieroor soos volg redeneer: Hy sien baie ooreenkomste met die 4 lewende wesens wat Esegïël in sy visioen gesien het (Eseg 1 en 10). Daar is verskille – soos dat elke wese in Esegïël 'n gesig soos 'n leeu/bul/mens/arend gehad het, en die aantal vlerke verskil. Maar daar is baie ooreenkomste. En dan maak Eseg 10:20

pertinent die stelling dat die lewende wesens gerubs is – ‘n gerub is ‘n engel van baie hoë rang of orde. Tipies bewaak gerubs God se heiligheid. Dink maar aan Gen 3:24 waar gerubs by die tuin van Eden geplaas is om toegang tot die boom van die lewe te bewaak, of aan Eks 25:20 waar gerubs bo-op die versoendeksel was met hulle gesigte afgebuig en vlerke vooroor uitgesprei. Hierdie gerubs is in God se diens – hulle het baie krag soos ‘n leeu, is diensvaardig soos ‘n bul/kalf, is verstandig soos ‘n mens en vinnig soos ‘n arend. Met al daardie oë sien hulle alles raak.

In hoofstuk 5 word verdere detail gegee, maar ek beplan om volgende week daarby stil te staan. In die res van hoofstuk 4 lees ons nou van die lofprysing van die 4 lewende wesens en die 24 ouderlinge. Wat ons moet raaksien, is dit: die 4 lewende wesens is verteenwoordigers van die engele, en die 24 ouderlinge is verteenwoordigers van die mensdom – die twee hoogste groepe onder God se skepsels. Hulle is daar om die troon – en hulle besing God se lof.

#### Die lofprysing van die 4 lewende wesens en die 24 ouderlinge (vs 8-11)

In verse 8-11 het ons twee lofprysings. In vers 8 lees ons van die 4 lewende wesens wat dag en nag sonder rus God besing. En in reaksie hierop, beskryf verse 9-11 dat die 24 ouderlinge kniel, hulle krone voor die troon neersit, en ook God besing. Wat ek in besonder by wil stilstaan, is die inhoud van hierdie lofprysing, veral wat van God gesê word. Vier aspekte word genoem:

- Heilig, heilig, heilig is die Here God
- Die Almagtige
- Hy wat was, wat is en wat kom
- U het alles geskep, deur U wil het alles ontstaan en is dit geskep

Ek begin met die laaste uitspraak, en werk dan terug na die eerste een.

- 1. U het alles geskep, deur U wil het alles bestaan en is dit geskep (v11):** Let op die argument in die 24 ouderlinge se lofprysing. Hulle sê God is waardig om geloof te word, omdat Hy geskep het. Ons sou dit kon omkeer: Deurdat God geskep het, is Hy nou waardig om geloof te word. Die doel met die skepping is dus dat dit aanleiding kan gee dat God geprys word. En dis wat hier gebeur: die verteenwoordigers van die skepsele, engele en die mensdom, doen presies dit – dag en nag sonder om te rus. Ja, God het alles geskep – ook die engele en die mensdom. God het alle engele en alle mense geskep – insluitende die duivel en ongelowiges – dus behoort hulle almal Hom te prys.

Let ook op dat God gewillig geskep het. Hy het nie uit dwang geskep nie, Hy wou dit doen sodat Hy geloof kan word. Mens sou kon vra is dit nie selfsugtig as God skep met die doel om self geloof te word nie? Wel, onthou, dat God se plan is dat mense by die punt moet kom waar hulle God vrywillig dien met nuwe harte omdat hulle verwonderd is oor wat God vir hulle gedoen het. Onthou ook die hoë prys wat God betaal het om dit te laat realiseer. Is dit selfsug?

Hoekom die klem op God as Skepper op hierdie stadium in die boek Openbaring? Dit is belangrik vir wat volg om te onthou:

- Hy is die Een wat alles begin het, en dus is Hy die Eienaar wat daarmee kan doen wat Hy wil
- Hy wil hê die skepping en skepsele moet bestaan – Hy wil Sy Wese in hulle demonstreer, sodat hulle in hulle harte oortuig kan wees Hy is waardig om geloof te word

- 2. Hy wat was, wat is en wat kom (v8):** Die eerste indruk wat mens kry as jy hierdie stelling lees, is dat God ewig is. Hy was van alle ewigheid daar, is nou, en sal ook in ewigheid daar wees. Dit word ook in verse 9 en 10 onderstreep. Maar daar is meer betekenis hierin. Onthou toe God Moses geroep het om die volk uit Egipte te lei, en toe Moses vra wat moet hy vir die volk sê wie het hom gestuur, antwoord God: “Ek is wat Ek is” (Eks 3:14). Enersyds beskryf dit God se karakter (bv God is liefde, daarom bewys Hy liefde, God is genadig, daarom betoon Hy genade), maar dit sê ook dat God onveranderlik is. Hy is gister, vandag en more dieselfde. God verander nie van plan of gedagte nie.

Hoekom is dit belangrik op hierdie stadium in die boek Openbaring? Want:

- Die implikasie is God is stabiel/konsekwent – in Sy Wese, in Sy plan, in Sy verwagtinge van die mensdom en die hele skepping.
  - Daarom kan God nou bekend maak wat hierna moet gebeur – en dit sal betroubaar wees. God gaan nie more Sy plan verander nie.
- 3. God is Almagtig (v8):** Wat beteken dit as ons sê God is almagtig? Dit beteken nie God het baie mag nie. Dit beteken God het al die mag. Dit beteken niemand anders het mag nie – geen skepsel het dus mag nie – behalwe as God aan daardie skepsel mag gee. Dit beteken die duivel het net die mag wat God hom toelaat om te hê. Dieselfde geld vir regerings en alle gesagstrukture. Om te sê God is almagtig, is meer as om te sê Hy is die Magtigste Wese. Nee, Hy is die enigste Een wat mag het.

Hoekom is dit belangrik op hierdie stadium in die boek Openbaring? Want:

- As God dan ‘n plan het wat Hy stabiel/konsekwent wil uitvoer om sodoende die doel met Sy skepping te bereik, is daar niks of niemand wat hierdie uitvoering van Sy plan van stryk gaan bring nie.
  - Daarom kan jy waarde heg aan wat Hy nou gaan openbaar oor wat binnekort moet gebeur.
- 4. Heilig, heilig, heilig is die Here God (v8):** God se heiligheid is ‘n groot en belangrike saak. Dit word hier duidelik, maar ook op baie ander plekke in die Bybel. Kan ek jou herinner aan ‘n paar:
- Hier is die 4 lewende wesens, wat vol oë is, die skepsele wat die naaste aan God se troon – en die eerste ding wat hulle besing is God se heiligheid.
  - In Jesaja 6 lees ons in Jesaja se visioen dat daar serafs rondom die troon was, en hulle het mekaar telkens toegeroep: “Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige!”.
  - Dit is die enigste attribuut van God wat ooit drie maal herhaal word om te beklemtoon hoe heilig God is. Hy is absoluut heilig.
  - Onthou wat is die eerste saak wat Jesus leer ons voor moet bid: Laat U Naam geheilig word.
  - Onthou wat heiligheid is: In die eerste plek beteken dit: afgesonder, m.a.w. God is net eenvoudig anders as enigiemand anders. Hy is uniek. Hy is Enig. In die tweede plek beteken dit: moreel skoon, m.a.w. God is die definisie van wat skoon en heilig is. Kyk nou na die eerste 4 gebooe in die Tien Gebooe:
    - i. 1ste gebod: Jy mag geen ander gode dien nie. God is uniek. Hy is Enig. Daar is nie nog een wat aanbidswaardig is nie
    - ii. 2de gebod: Jy mag geen afbeeldings van God maak nie. Hy is so uniek, dat enige afbeeldings van Hom te kort skiet. Al waarop jy jou idees oor Hom mag baseer, is wat Hy van Homself openbaar

- iii. 3de gebod: Jy mag nie Sy Naam ydelik gebruik nie. In Luk 1:49 lees ons: “Heilig is Sy Naam”. Self Sy Naam moet jy net gebruik as jy dit ernstig bedoel – Hy is uniek en absoluut skoon, en nie eers Sy naam mag oneer aangedoen word nie.
- iv. 4de gebod: Gedenk die sabbatdag dat jy dit heilig hou. Daar is ‘n dag uit sewe wat Syne is, waarop jy jou moet ingrawe in Hom en Sy werk.
- Daar is ‘n boek in die Bybel wat fokus op God se heiligheid – Levitikus. Lev 11:47 sê: “Omdat Ek heilig is, moet julle ook heilig wees”. Die stelling kom 4 keer in die boek voor. Die boek beskryf in detail wat heilige tempeldiens en ‘n heilige lewe vir die volk beteken het. Die detail is verstommend. Ek lees in Lev 6:27 as daar van die offer se bloed op iemand se klere spat, moet die klere op ‘n heilige plek gewas word – die heilige bloed mag nie buite die heilige area gaan nie.
- God se heiligheid word geassosieer met baie ander dinge: heilige grond, heilige sabbat, heilige brood, heilige verbond, heilige nasie, heilige ark, heilige stad, heilige Woord, die Heilige, die Allerheiligste.
- Ek lees in ‘n boek van RC Sproul “The holiness of God” dat hy praat van die trauma van heiligheid. Hy sê dink aan die volgende:
  - i. Jesus wat die storm stil maak, en die dissipels se reaksie in Mark 4:41: “Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?” Hulle sien Jesus se uniekheid, Sy heiligheid in aksie.
  - ii. Petrus se reaksie toe hulle die hele nag nie vis gevang het nie, maar as hulle in opdrag van Jesus weer die nette uitgooi, is daar so pas vis in, dat die nette wou skeur. Petrus sê: “Gaan weg van my af, Here, want ek is ‘n sondige mens”. Petrus sien Jesus se heiligheid – Sy uniekheid en absolute skoonheid.
  - iii. Nadab en Abihu wat vreemde vuur voor God bring, en deur vuur uit die hemel verteer word (Lev 10:1-2). God se heiligheid in aksie – hulle moes nougeset let op Sy voorskrifte.
  - iv. Ussa wat na die ark gryp as die osse struikel, en direk daar langs die ark sterf (1 Kron 13:9-11). God se heiligheid in aksie – hulle moes nougeset opgelet het oor hoe die ark vervoer moes word.

Wat is die punt? God is die Skepper – dit beteken Hy mag met Sy skepping doen wat Hy wil. God is die een wat is en wat was en wat sal wees, Hy is dus konsekwent – wat ookal Hy wil met Sy skepping, daardie plan sal nie gewysig word nie. God is die Almagtige – dus sal niks die uitvoer van hierdie plan ooit bedreig nie. God is heilig, heilig, heilig – die doel van hierdie plan is dat die ganse skepping sal verstaan Hy is absoluut heilig – uniek, enig en absoluut skoon. Nie net moet hulle ook heilig word nie, maar as hulle heilig is nadat Hy hulle heilig gemaak het, sal hulle Sy heiligheid besing. As jy al bogenoemde besef, kan jy begin om te verstaan dat Hy ook die Een is wat jou nou gesagvol kan inlig oor die dinge wat moet gebeur.

#### Implikasies vir ons

Die verteenwoordigers van die engele en die mensdom kom onder die indruk van God as Skepper, Sy onveranderlikheid, Sy almag en Sy absolute heiligheid as hulle om God se troon is. Al vier hierdie aspekte word grootliks ontken in ons samelewing:

- God as Skepper – daar is baie opinies hieroor in ons tyd. Kan jy jou opinie sinvol verdedig in hierdie wêreld?

- God is onveranderlik – daar is baie opinies selfs in die kerk wat dit weerspreek: God is toornig in die OT, maar genadig in die NT. Gebed kan God se raadsplan verander. Kan jy sinvol hieroor redeneer?
- God is almagtig – daar is baie gebeure rondom ons wat mense oortuig dis nie waar nie: Hoekom is daar rampe soos die coronavirus of hongersnood? Kan jy dit sinvol verdedig?
- God is 3x heilig – daar is baie gedrag wat toon dat ons tyd nie hiervan oortuig is nie: Alle godsdienste is gelyk, ydelike gebruik van God se Naam is nie so erg nie, ons kan met die Sondag maak wat ons wil, God se Woord kan bevraagteken en gekritiseer word. Neem jy ooit standpunt in teen hierdie dinge? Kan jy sinvol hieroor redeneer?

Sien, dit is die moeite werd om jou kop oor hierdie dinge te breek. Want selfs in die hemel is dit die inhoud van die lofprysing wat aan God gebring word.